

HEFFINGS EN BELASTINGS VIR REISIGERS

Wat is die belastingvrye vergunning?

Die belastingvrye vergunning kan verdeel word in:

1. Belastingvrye vergunning

- Indien jy 'n reisiger is, is jy daarop geregtig om goedere ter waarde van tot R5 000 per persoon in te voer (bemanningslede, insluitend die meester/vlieënier is geregtig op slegs R700) sonder om enige heffing of belasting daarop te betaal; en
- Indien jy 'n reisiger is van die Suider Afrikaanse Doeane Unie (SACU) se ledelande, betaal jy nie doeaneheffings nie en is jy geregtig op 'n BTW-vrystelling op goedere met waarde van tot R5 000.

2. Verbruikbare goedere

- Indien jy 'n reisiger is, is jy geregtig op belastingvrye invoere of belasting-verbruikbare goedere (bemanningslede, insluitend die meester/vlieënier is op geen geregtig nie), wat nie die bepaalde beperkings oorskry nie, wat insluit:
 - 200 sigarette;
 - 20 sigare;
 - Gekombineerde 250 g pyp- en/of sigarettabak;
 - 2 liter wyn;
 - 1 liter van ander alkoholiese drankies (insluitend bier);
 - 250 ml eau de toilette en 50 ml parfuim.
 - Verbruikbare goedere in oorskot mag nie geëis word ingevolge die belastingvrye vergunning nie. Volle heffing en BTW moet op sodanige oorskotte betaal word.
- Handgemaakte artikels
 - Indien jy 'n reisiger van SACU of die Suider Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SADC) se ledestate is, mag jy handgemaakte artikels van leer, hout, plastiek, klip, glas, ens. invoer mits die goedere nie 25 kg in totaal oorskry nie, sonder om heffings of belastings te betaal.
 - Hierdie goedere (solank dit nie die bepaalde beperkings oorskry nie) kan op die DA331-vorm verklaar word, al word dit moontlik vir kommersiële doeleindes bedoel.